
© Die Oratorium Uitgewery

# St. Faustina

# 5 Oktober

(1905-1938)

Vandag is dié heilige non bekend as die groot Apostel van die Goddelike Barmhartigheid, maar tydens haar aardse lewe en in haar kloosterwerk as kok, tuinier en portier was sy iemand wat altyd stil en nederig op die agtergrond besig was. Op die oog af was daar dus niks besonders omtrent haar lewe en roeping nie. Tog was sy in werklikheid ’n mistikus met ’n geweldige diep verhouding met God. Haar lewe was een lang kennismaking met en bepeinsing oor God se barmhartigheid wat gestalte gekry het deur die merkwaardige visioene en openbaringe wat sy ervaar het. Die openbaring van die afbeelding van die Goddelike Barmhartigheid met die woorde: “*Jesus, ek vertrou op U*”, en die viering van die eerste Sondag ná Paasfees as die dag van die Goddelike Barmhartigheid sou St. Faustina se persoonlike roeping en apostolaat word.